ADDENDUM 2

ROOFDIERBESTUUR

'n Basiese beginsel is dat dit altyd die verantwoordelikheid van die boer is om sy/haar diere te beskerm teen roofdiere, siektes en enige ander situasies wat die diere skade kan aandoen.

Roofdiere speel 'n belangrike rol om dieregetalle te beheer en balans in ekostelsels te behou. Hulle verwyder ou en siek diere en party is uitstekende aasdiere omdat hulle karkasse opvreet wat andersins siektes sou veroorsaak het. Roofdiere is territoriaal en die sosiale gedrag van elke spesie speel 'n belangrike rol in die afbakening van hul gebiede. Die ondeurdagte verwydering van roofdiere uit 'n gebied veroorsaak 'n vakuum wat beteken dat vreemde diere aanhoudend in die gebied gaan inbeweeg. As sulke diere in groot getalle in 'n nuwe habitat inbeweeg en desperaat is om hul gebied te beheer, gaan kleinvee beslis 'n maklike prooi wees.

Pogings om roofdiere op 'n lukrake manier uit te wis om kleinvee te beskerm, is geen lang termyn oplossing nie. 'n Gebalanseerde benadering om die status en samestelling van die roofdiere se normale prooi te herstel, 'n goeie kennis van die roofdierbevolking op die plaas (veral van die dominante territoriale diere), beskerming van die lewendehawe in vennootskap met buurplase en deelname in 'n gekoördineerde roofdierbeheerinisiatief, sal oor tyd tot minder veeverliese lei.

Dit is belangrik om roofdiere met 'n gekoördineerde benadering te beheer deur die gebruik van 'n kombinasie van beste praktyke (dodelike sowel as nie-dodelike metodes). Jagters moet baie versigtig wees om roofdiere dood te maak, tensy hulle baie sterk bewyse het dat hulle met die ware skuldiges te doen het.

IMPLEMENTERINGSMETODES OM ROOFDIERE WAT PROBLEME VEROORSAAK TE BEHEER

Jagters en vee-eienaars wat roofdiere bestuur behoort geakkrediteer te wees by ‘n bewaringsowerheid (gewoonlik ‘n natuurbewaringsliggaam). Akkreditasie word deur ervaring en die bywoon van spesifieke geakkrediteerde kursusse verkry. Boere behoort die volgende te oorweeg:

- Gebruik verkieslik nie-dodelike metodes soos natuurlike herders (honde, donkies, Alcapas), krale, roofdierwerende heinings en beskermende halsbande.
- Die beheermetodes moet wettig wees (bv. nie-giftig).
- Maak seker dat die beheermetode vir die teikenroofdier korrek gebruik word.
- Alle inligting oor die relevante beheermetodes wat ingestel gaan word moet vooraf goed nagevors word. Dit is noodsaaklik dat hanteerders opgelei is.
- Teiken die oortreders, nie die spesie in die algemeen nie.
- Statistieke van beide veeverliese en roofdiere wat uitgewis is, moet bygehou word. Dit sluit die roofdier se ouderdom, geslag en maaginhoud in.
- Dit is belangrik om met die bewaringsowerheid wat die roofdierbeheer bestuur, te skakel en inligting uit te ruil.

KRITERIA OM BEHEERMETODES TE MEET

- Beheermetodes moet kostedoeltreffend en in verhouding tot veeverliese wees.
- Indien van jag gebruik gemaak word, moet dit doeltreffend wees deur net gekwalifiseerde jagters te gebruik.
- Dit moet vinnig en menslik wees en lyding moet beperk word.
- Dit moet selektief wees en slegs die roofdiere teiken wat probleme veroorsaak.
- Dit moet die minimum uitwerking op die spesie en die omgewing hê.

Suksesvolle beheer van roofdiere vereis die ontwikkeling van ‘n natuurlike habitatplan waar die produsente die verskillende roofdiere, hul getalle en hul gedrag kan waarneem.

‘n Tipiese geïntegreerde plan bestaan uit die volgende:

- ‘n kaart wat watergate, gate en die roofdiere se gebiede aantoon;
- inligting oor paarseisoen en die nageslag van die spesie of kudde;
- notas oor getalle, die koste van metodes, beheerstatistieke, inligting oor spesies, geslag, ouderdom en die maaginhoud van roofdiere wat doodgemaak is;
- kontakbesonderhede van Natuurbewaringsamptenare wat betrokke is by die beheer en bestuur van roofdiere; en
- die geïntegreerde bestuursplan moet poog om van beseringsvrye metodes gebruik te maak soos:
  - **Halsbande met klokke en reuke:** Hierdie halsbande is goedkoop, verg min onderhoud, is maklik om te gebruik en maklik om te verkry. Dit is deur boere vir plaaslike toestande ontwikkel. As dit te veel gebruik word, kan dit die vee se posisie weggee.
  - **Veldwagter-halsbande:** Die tegnologie bestaan uit ‘n sensor wat beweging waarneem. Dit sal die boer help om in ‘n geval van ‘n moontlike veediefstal of roofdieraanval op te tree. Die nadeel is dat dié halsbande net werk in ‘n gebied waar daar selfoonopvangs is.
  - **Heinings:** Dit is die enigste metode wat 365 dae van die jaar beskerming bied. Dit is ‘n lang termyn, maar duur oplossing vir kleiner gebiede en plase. Party roofdiere kan egter gate onder deur die heining grawe en daarom behoort die heining se basis goed in die

grond gevestig wees. Geëlektrifiseerde heinings kan ook oorweeg word, maar dit is baie duur.

- **Afskrikmiddels:** Dit kan ligte of alarms insluit wat die roofdier sal afskrik.
- **Oppasserdiere:** Daar is hernude belangstelling in meer doeltreffende, tradisionele maniere soos oppasserdiere, bv. anatoliese honde, alpacas en donkies. Anatoliese honde is net doeltreffend as hulle korrek geselekteer en opgelei is. Die honde moet saam met die trop in die kraal gesit word terwyl hulle nog klein is sodat hulle ‘n band met die vee kan vorm. Donkies is ook doeltreffende waghonde. ‘n Enkele donkie, veral ‘n merrie, sal die trop as haar eie aanneem en beskerm. Alpacas is gewoonlik doeltreffend omdat hulle nuuskierig en vreesloos is.
- **Koningshalsbande:** Dit is ‘n wye, verstelbare PVC halsband wat om die nek van elke dier in die kudde pas. Dit maak dit baie moeilik en selfs onmoontlik vir ‘n roofdier om ‘n dier in die nek te byt.
- **Doodstophalsband:** Dit is ‘n stewiger halsband wat die trop teen aanvalle van rooikatte sal beskerm. Beide die laasgenoemde twee halsbande keer egter nie dat die vee van agter af aangeval word nie.

Dit is belangrik dat boere en werkers die nodige opleiding ontvang oor roofdiere, die hulpbronne wat beskikbaar is om hul getalle te beheer en om die bogenoemde metodes doeltreffend te bestuur.

- ooOoo -